


Oos. Ek wens elkeen van julle kan nog eendag 'n draai kom maak by die kollege, maar vir die wat nooit daar gaan uitkom nie plaas ek hierdie vier foto's geneem in die vier verskillende windrigtings.



Wes. Daar is 'n lekker voetpad wat die berge inloop. Ek het ongelukkig nie genoeg tyd gehad om te sien waarheen hy lei nie, maar dit is nog grootliks ongerep.



Noord. Hierdie is min of meer die plek waar die hoofgebou moet kom. In die tyd wat ek daar was, het daar konstant 'n koel luggie vanuit die noorde gewaai.



Suid. Omtrent in die middel van die foto kan die teerpad gesien word. Tussen die teerpad en die voet van die plato (buite sig) loop die Tanzam spoorlyn wat die Chinese in die vroë jare 70 gebou het om veral koper uit Zambië na Dar Es Salaam toe te vervoer sonder om deur Rhodesië of Suid-Afrika te gaan.

Diegene wat by die kollege wil kom kuier maar nie kans sien om 3000 km ver oor land te ry nie kan vlieg tot in Dar Es Salaam en dan die 570 km van daar tot by Mlimba met die trein ry. Dit is glo 'n rit van 14 ure wat deur twee wildreservate loop.



Hierdie foto is vanuit 'n westelike rigting geneem. Mlimba lê aan die regterkant van die foto. Daar is reeds 'n kragdraad aangelê na die selfoon toring en ons gaan aansoek doen om 'n elektriese aansluiting van die punt af.





Ons het gehoor van 'n Christen egpaar wat al jare lank opheffingswerk doen in die omgewing en besluit om daar te gaan kennis maak en te kyk wat ons by hulle kan leer.

Bruno is 'n afgetrede Switserse ingenieur en help die gemeenskap met landbouprojekte. Sy vrou 'n verpleegster en hulle bedryf op eie koste 'n klein hospitaaltjie op hul plaas en fasiliteer naaldwerklesse vir vroue. Regs is van die klere wat die studente gemaak het.

Beide kan Swahili vlot praat en dit is duidelik dat hulle 'n hart het vir hierdie mense.





Die pad na die kollege kort bietjie aandag en voor ons kon wegtrek om materiaal aan te ry, moes ons eers gou 'n paar plekkies opvul.

Terwyl ek meeste van die rywerk gedoen het, het Peet toesig gehou oor die bouwerk. Hier is hy besig om saam met Andrew en Ralph 'n ventsterraam aanmekaar te slaan.









Links bo. Die stene wat ons gekoop het was van goeie kwaliteit en letterlik nog vars uit die oond.

Regs bo. Op pad terug met 'n vrag sand het ons gou by 'n plaaslike verskaffer aangegaan om houtbalke en sement te koop. Mlimba het nou nie alles wat 'n mens nodig het vir 'n bouery nie, maar die basiese produkte is daar.

Links. Ons was daar in die tyd wat die mense rys oes. Toe ek die eerste keer op die klomp rys afkom wat so in die pad lê het ek gestop en wou omry, maar John het my verseker dat ek maar daaroor kan ry.


Die rys moet vir so vier ure in son lê om droog te word en dan word dit na die meule geneem waar die doppe afgehaal word.



Hierdie snaakse voertuie is nogal volop en word gebruik om enige denkbare ding mee te vervoer.

Ek het die indruk gekry dat Tanzanië meer ontwikkeld is as Mosambiek en selfs Malawi.





Die gereedskap wat die manne gebruik is taamlik primitief maar hulle maak baie mooi meubels.

Daar is plantasies in die berge en hout is heel beskikbaar.










Sommer 'n paar foto's van die mense en omgewing.





So tussen al die gewerkery moes ons nog klere was en Peet het die gereedskapskas uitgesorteer. Ons twee is nou nie juis skougehalte wat kampering betref nie. Hierdie keer het ons nie wasgoedseep ingepak nie, so die klere is maar met Sunlight Liquid gewas. Dit het wel die klere heelwat skoner gekry.

Toe ons die volgende Woensdag weg is by die kollege het die gebou 'n sementvloer ingehad en dakhoogte gestaan. Die bouer wat ons gekry het om die werk te doen moes nog net die sinkplate opsit wat ons van Mosambiek af deurgevat het.

Hierdie gebou is nou amptlik die hoofgebou waar lesings aangebied gaan word tot ons 'n ander hoofgebou kan oprig.

Sodra dit gebeur sal hierdie 'n stoorkamer of biblioteek word.



**Einde van Deel 3.**

Ek gee weer die bankbesonderhede van die Malawi kampus.

Naam van Rekening: Sola Scriptura Foundation.
ABSA Tjekrekening No: 4078 426 111
Algemene Takkode: 632005